

Maandag 30 November

Skrifgedeelte: Amos 9:11-15 (1933/53-vertaling)

Fokusgedeelte: Amos 9:11

Die vervalte hut van Dawid

Die Here vertoorn Hom oor die sondes van sy volk en straf hulle. Dié straftyd gaan egter verby en dan dink Hy weer in genade aan hulle omdat Hy hulle liefhet met 'n ewige liefde. Hy dink aan sy verbond en stuur die Messias om sy volk te verlos. Hy sal kom uit die nageslag van Dawid.

Dit is wat Amos bedoel wanneer hy sê: *“In dié dag sal Ek die vervalte hut van Dawid weer oprig, en Ek sal sy skeure toebou en sy puin hope herstel, en Ek sal dit opbou soos in die ou tyd”* (Amos 9:11). In ander woorde sê die engel Gabriël dieselfde dinge aan Maria, toe hy die geboorte van Jesus aankondig: *“En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee, en Hy sal Koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie”* (Luk. 1:31-33). Ja, ook by Amos het dit nie alleen gegaan om die herstel of verlossing van Israel nie, maar hy voeg daaraan toe: *“... sodat hulle in besit kan neem die oorblyfsel van Edom en al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is”* (Amos 9:12).

Behalwe dat Jesus Christus die Koning oor die huis van Jakob sal wees (vgl. Luk. 1:33), beteken die “huis van Jakob” dat die heidene ook ingesluit word. Paulus sluit daarby aan as hy sê: *“En hy (Abraham) het die teken van die besnydenis ontvang as 'n teken van die geregtigheid van die geloof toe hy nog nie besny was nie; dat hy die vader sou wees van almal wat glo terwyl hulle onbesnede is, sodat ook aan hulle die geregtigheid toegereken sou word; en ook 'n vader van die besnydenis vir dié wat nie alleen uit die besnydenis is nie, maar ook wandel in die voetstappe van die geloof van ons vader Abraham toe hy onbesnede was”* (Rom. 4:11-12).

Wie is volgens Paulus die nageslag van Abraham, die vader van die gelowiges? Dit is die heidene, wat onbesnede is, wat glo soos Abraham geglo het en die Jode, wat besny is, wat ook glo soos Abraham geglo het, voordat hy besny is. Dit gaan nie om besny te wees of die vleeslike nageslag van Abraham te wees nie, maar almal wat glo, soos Abraham geglo het, is sy ware nageslag.

God se verbond is nie gegrond op die vleeslike afkoms en gebind aan die besnydenis nie, maar gebind aan die ware geloof en dit geld vir alle mense. Ook naam-Christene kan nie op hulle afkoms van Christelike voorouers vertrou nie. Hulle moet leef uit die geloof in Christus.

Sing: Psalm 87-1:1, 2

Ds. P Cilliers (Pierre) (Daniëlskuil/Duineveld)